**SONDAG 22 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 7:11-17 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 7:13**

## Die weduwee van Nain – Christus gee nie bevele sonder die krag om dit na te kom nie

Jesus sê vir ’n treurende weduwee wie se seun dood is: Moenie huil nie. Hierdie vrou het al voorheen met die dood te doen gekry, want sy is tog ’n weduwee. Jesus beveel haar om nie te huil nie.

Dan raak Jesus die seun aan. Hy raak aan die liggaam van ’n dooie, wat Hom in die Joodse kultuur onrein maak.

Die seun sit regop en begin praat. Hy is nie meer dood nie. Die seun leef. Jesus gee nie ’n leë bevel nie. Hy gee aan die vrou ’n rede om nie meer te huil nie. Sy hoef nie meer te huil nie, want haar seun is nie dood nie.

Jesus verander die sombere atmosfeer van die dood na ’n vreugdevolle gebeurtenis, want die seun is uit die dood gered.

Die bevele wat ons uit die Skrif ontvang, is nie leeg nie. Ons kry al hierdie opdragte met ’n bepaalde doel. Christus kwalifiseer al sy opdragte deur vir ons ’n rede te gee om gehoorsaam te wees.

Daarom kan ons self ook ophou ween, want ons leef vir ewig saam met Christus.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5*

*Teologiese Student Peter Venter*